Hangklip Gemeenskapsorg Sentrum

Reg No. 102-000-NPO

Kwartaalikse Nuusbrief – Nr. 11 April 2020

Hangklip Gemeenskapsorg Sentrum (HGSS) is 'n ten volle onafhanklike, geregistreerde nie-winsgewende organisasie. Ons werk vanuit fasiliteite wat ons by die Lakeside Chapel (h/v Wheeler- en Whitestraat, Bettysbaai) huur en met hulle deel. Ons visie is die bevordering van 'n samehorige Hangklipgemeenskap (inwoners van Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels), waarin 'n kultuur van omgee-vir-mekaar heers sodat probleme van onvoldoende voeding, eensaamheid, siekte, verwaarlosing, ensovoorts effektief aangespreek kan word. Ons fasiliteer, 'n reeks dienste aan die gemeenskap, hoofsaaklik met behulp van vrywilligers Dit sluit in:

- *Voorsiening van voedsame en smaaklike etes teen gesubsideerde, bekostigbare pryse*
- *Gratis verskaffing van kospakkies aan inwoners wat sukkel om in basiese voedselbehoeftes te voorsien*
- *'n Kliniekdiens vir die ontvangs van chroniese medikasie, roetine mediese toetse en uitleen van basiese verpleegtoerusting*
- *Geleenthede vir groeps-aktiwiteite, ontspanning en sosiale interaksie.*

Hierdie dienste, tesame met ander wat meer direk betrekking het op tuis-versorging en -ondersteuning, is die basis vir ons **HAIL** (**H**ome-based **A**ssisted **I**ndependent **L**iving) inisiatief, waardeur inwoners wat oor verminderde kapasiteit beskik om vir hulself te sorg, of ten minste onafhanklik te kan funsioneer, gehelp word om so lank moontlik in hulle eie wonings en binne die gemeenskap en omgewing waarvoor hulle lief is, te bly voortleef.

INLEIDING

In die Januarie nuusbrief het ons HGSS se belangrikste uitdagings vir 2020 uitgelig. Hierdie uitdagings is naamlik: (i) die vinnig groeiende vraag na gesubsidieerde etes in die Hangklip-omgewing, (ii) die versameling van inligting i.v.m. gesondheidsorg en verwante (huishoudelike, sekuriteit, vervoer, ens.) behoeftes van bejaardes, siekes en gestremdes in ons gemeenskap om die visie en ideale van HAIL, soos uiteengesit in 'n neutedop hierbo, te beplan en te bevorder en (iii) om die bestuurskomitee van HGSS uit te brei en te vernuwe sodat ons kapasiteit om die gemeenskap se welstand te verseker deur die nodige dienste te lewer, vergroot kan word.

Op daardie stadium was die diepgaande uitwerking wat die Covid-19-pandemie op ons planne sou hê, heeltemal onvoorspelbaar. Afgesien van onmiddellike gevolge vir ons samelewing sal die pandemie ook langtermyngevolge hê, wat die behoefte aan gemeenskapsorg sal vergroot en aan HGSS nog groter uitdagings in die toekoms sal bied.

Dit is te verstane dat die aanvanklike maatreëls wat die regering ingestel het om sosiale distansiëring te bewerkstellig, gevolg deur die streng grendelregulasies, nie net ons aanvanklike planne vir 2020 beïnvloed het nie, maar het ook ons daaglikse bedrywighede grootliks gekortwiek. Hierdie gevolge sal duidelik blyk in die volgende paragrawe.

SOSIALE AKTIWITEITE

Alle sosiale aktiwiteite is in die middel van Maart opgeskort en sal eers hervat word wanneer die reëls vir sosiale distansiëring voldoende verslap is. Opgeskorte aktiwiteite sluit in die nuut ingestelde maandelikse kultuurgesprekke (in samewerking met die Bettysbaai Belastingbetalersvereniging), pilates-klasse, brugklub-byeenkomste, vriendskapsirkel-byeenkomste, sosiale etes Woensdae in die HGSS-eetsaal sowel as die sosialisering van ons kliniekpasiënte terwyl hulle verversings geniet en wag vir hul beurt.

ETES

Voorlopig word slegs gesubsidieerde maaltye (meestal teen R10 of R15 per maaltyd, vir 'n maaltyd wat R40 kos om te produseer) voorsien op Maandae, Woensdae en Vrydae vir lede met laer of geen inkomste nie. Die besluit om die voorsiening van etes op hierdie manier te beperk, is geneem om die druk op ons kombuis te verlig, aangesien alle vrywillige hulp tot verdere kennisgewing van diens onthef moes word. Terselfdertyd het die beperking 'n mate van ekstra kapasiteit in die kombuis geskep om aan aanvullende eise vir gesubsidieerde etes te voldoen. As hierdie ekstra kapasiteit uiteindelik onvoldoende blyk te wees om aan groeiende eise te voldoen, sou die geleentheid ontstaan om gewillige vrywilligers te herroep om in die kombuis te help.

Jaareind (31 Maart) statistieke illustreer die onlangse (voor-pandemie) groei in die vraag na etes en gee 'n mate van perspektief op moontlike versnelde groei in 'n post-pandemiese situasie. Die totale aantal maaltye wat in 2019/20 voorsien is, was 6 031, wat 'n massiewe toename van 34,5% vanaf 2018/19 verteenwoordig. Daarvan is slegs 1 870 (31%) geniet deur lede wat die volle kosprys (R40) betaal het. Die grootste vraag (3 600 maaltye, oftewel 60% van die totaal), was van lede wat aan subsidiëringskriteria voldoen wat hulle in staat stel om etes teen R10 of R15 te koop. 2 241 soortgelyke gesubsidieerde etes was gedurende die vorige jaar verkoop, wat 'n toename van 1359 (byna 61%) van 2018/19 tot 2019/20 weerspieël.

In die huidige grendelsituasie is dit verstaanbaar dat daar 'n buitengewone hoë vraag na etes teen lae/geen koste sou wees - 'n aanvraag wat buite HGSS se vermoë is om te bevredig. Daarom is dit verblydend om te sien dat plaaslike regering en inwoners reageer met toelaes en donasies wat dan plaaslike gemeenskappe in staat stel om kombuise in stand te hou en sodoende dringende nood te verlig. 'n Plaaslike voorbeeld hiervan is die Mooiuitsig-gemeenskap, waar tot 250 volwassenes en kinders twee maaltye per dag met behulp van die Blue Wave-inisiatief ontvang.

KOSPAKKIES

Grootmaataankope en opmaak van maandelikse pakkies vir aflewering aan HGSS-begunstigdes in April het Woensdag 25 Maart, twee dae voor die grendeltydperk begin het, plaasgevind. Die aflewering aan die Bettysbaai- en Mooiuitsig-begunstigdes het ook plaasgevind lank voor die normale afleweringsdatum in die middel van die

maand, want teen daardie tyd was sommige ontvangers reeds in haglike omstandighede. Verskeie ander inisiatiewe, soos dié gelei deur plaaslike munisipale raadslede en die Bettysbaai Belastingbetalersvereniging, asook donasies deur die gemeenskap, is sedertdien begin om die kwesbaarstes te help. Ons het voldoende voorsorg getref om te verseker dat ons hulpmaatreëls behoorlik gekoördineer word met ander inisiatiewe. Tesame met bogenoemde voorsiening van maaltye, sal die aflewering van kospakkies uit verskillende bronne verseker dat die Mooiuitsig-gemeenskap tans goed versorg word.

HAIL

In die inleiding tot hierdie nuusbrief is die insameling van inligting rakende HAIL-verwante behoeftes van die Hangkip-gemeenskap genoem as een van die belangrikste uitdagings vir HGSS vir die huidige jaar. In hierdie verband het Joy Rourke, die hoof van die HAIL-inisiatief, 'n vergadering gereël wat op 28 Februarie gehou is. Ons komitee was bevoorreg om Dr Leon Geffen en sy assistent Robyn Black van die Samson Institute for Aging Research (SIFAR), van Kaapstad te verwelkom. Hulle het ons, 'n aantal van ons gesondheidsorgwerkers, en ander betrokkenes wat ook teenwoordig was, toegespreek oor die werking van SIFAR en oor die gebruik van die Inter-RAI-vraelys as 'n potensiële instrument om die behoeftes (holistiese gesondheid) van ons gemeenskap te bepaal. Hulle het ook verdere hulp aangebied met die toepassing daarvan. ('n Paar dae na die vergadering het Joy na Australië vertrek, waar sy nou gestrand, maar veilig, by haar familie is).

Die Inter-RAI-opname het die voordeel dat data van hoë gehalte vasgelê word wat gebruik kan word om effektiewe individuele mediese en aanvullende dienste te ondersteun. Belangrik ook, is dat wanneer hierdie data statisties ontleed word, dit ook kan dien as 'n nuttige instrument om algemene behoeftes uit te lig waarmee versoeke vir verbeterde dienste gemotiveer kan word.

Besluite wat nog geneem moet word, is of ons hierdie roete moet volg of 'n vraelys met minder indringende vrae van ons eie formulering moet gebruik en dan aanvullende inligting moet insluit, bv. beskikbare vervoer en sekuriteit en, veral, wat die beste benadering sal wees. Ons het net begin om met leiers van die Hangklip-gemeenskappe te beraadslaag vir die nodige advies en raad, toe die skielike aankoms van Covid-19, agt weke gelede, die proses onderbreek het, en ons noop om te wag tot omstandighede verbeter.

Covid-19 het wel gedien om 'n dringende fokus te plaas op baie van die gebreke wat ons wil aanpak d.m.v. HAIL naamlik armoede, ondervoeding, die algemene risiko's van ouderdom verwante siektes, isolasie, eensaamheid en beperking van toegang tot noodsaaklike dienste. Dit het terselfdertyd 'n bewustheid gekweek van hoe noodsaaklik dit is dat ons almal saamstaan om mekaar te ondersteun. Ons voortbestaan hang hiervan af. Dit was wonderlik om te sien hoe veral die sosiale media en verskillende WhatsApp-groepe die gees van sorg en binding bevorder het.

Die bedreiging van hierdie virus sal nog vir lank – moontlik vir jare - bly en eis lewensveranderende aanpassing. Ons ervaring met hierdie grendeltyd het ons alreeds 'n paar waardevolle lesse geleer. Dit is belangrik dat die vrees wat die hede oorheers nie op die lange duur toegelaat word om die bewustheid van ander belangrike behoeftes te oorskadu nie. Ons hoop en bid dat wanneer die krisis verby is, die welwillendheid en vrygewigheid in die gees van omgee, wat tans uitgeleef word, sal seëvier om die breë visie van HAIL en die werk van HGSS te ondersteun, insluitend die ontwikkeling en suksesvolle behoefte-opname, tesame met die ontwikkeling van 'n toepaslike vrywillige ondersteuningsnetwerk om in die behoeftes van ons gemeenskap te voorsien.

FORMELE VERGADERINGS

Die laaste formele vergadering van ons bestuurskomitee was 23 Maart 2020. Ons hou vol om maandelikse vergaderings te beplan, maar sal alternatiewe reëlings tref indien dit verhinder word deur die huidige grendelreëlings en sosiale distansiëring. In stede van die April-vergadering, het die komiteelede reeds aanpassings gemaak deur inligting per e-pos uit te ruil. Sodoende is 'n gekonsolideerde verslag opgestel om die vergaderingsnotules te vervang en dus die kontinuïteit van HGSS-rekords te behou.

Ons Algemene Jaarvergadering is huidig geskeduleer vir 22 Junie 2020. Dit was en is nog steeds ons hoop dat hierdie AJV die geleentheid sal bied om een van ons uitdagings vir die jaar aan te pak - om ons bestuurskomitee uit te brei en te versterk in die belang van meer omvattende en beter diens aan ons Hangklip-gemeenskap. Persone met 'n passie vir gemeenskapsdiens word derhalwe aangemoedig om na vore te kom, hulself van komiteebedrywighede te vergewis en hul dan by die eerste geleentheid tot verkiesing beskikbaar te stel.

ERKENNING

Die vrygewigheid van die Hangklip-gemeenskapsorganisasies, van hul lede en van individuele inwoners het weereens aan die lig gekom tydens hierdie uitdagende tye. Ons het baie vrywillige donasies van kontant en items vir kospakkies ontvang, die meeste van anonieme bronne. Ons is baie dankbaar vir hierdie ondersteuning, wat ongetwyfeld deurslaggewend sal wees vir die volhoubaarheid van dienste, wat HGSS onderneem het om aan ons gemeenskap te voorsien.

Help asseblief om te verseker dat hierdie nuusbrief onder die aandag van soveel as moontlik Hangklip inwoners gebring word om hulle bewus te maak van die dienste wat HGSS fasiliteer en hulle aan te moedig om lede te word. Vir diegene wat graag 'n eenmalige of gereelde (belastingaftrekbare) donasie wil maak, voorsien ons graag die nodige bankbesonderhede. Gebruik asb u van en voorletters as verwysing en stuur u kontakbesonderhede aan Adrian de Kock (adrian25@telkomsa.net) sodat hy u van 'n belastingsfaktuur kan voorsien.

Rekening: Hangklip Community Care Centre

Bank: Eerste Nasionale Bank

Rekeningnr: 62460003818

Like ons op Facebook @hccc.bb (word weekliks opdateer)